UIT DIE PEN VAN DIE CEO (07/24)
(Volg my op X justchad_cga)
Justin Chadwick 16 Februarie 2024

"If we're always guided by other people's thoughts, what's the use of having our own?" Oscar Wilde

SITRUSBEDRYF INDIENSNEMING- EN VAARDIGHEIDSOPNAME 2024

In baie sitrusproduserende streke blyk daar tekens van 'n potensiële vaardigheidskrisis te wees. Ons moet data oor huidige en geprojekteerde indiensneming en beskikbaarheid van vaardighede in elke streek insamel sodat ons produsente kan bystaan en vooruit kan beplan om vaardighede te verseker. Die Citrus Academy sal oor die volgende paar weke die *Citrus Industry Employment and Skills Survey* doen. Wees asseblief op die uitkyk vir e-posse wat met die opname verband hou, of kontak sive@citrusacademy.org.za vir meer inligting.

PRODUSENTE INDABA: HAWENS

Die CGA is 'n lid-gedrewe organisasie wat onbeskaamd vir die behoeftes van sitrusprodusente in Suider-Afrika voorsiening maak. Soos ons die 2024-sitrusseisoen nader, is produsente bekommerd oor die vermoë van die hawens om die steeds toenemende sitrusvolumes te hanteer. 2023 was 'n goeie jaar om sitrusvolumes deur die hawens te kry, maar baie uitdagings het ontstaan toe die kern- en tafeldruifbedryf hul seisoen begin het. Daar is rede tot kommer oor die gereedheid vir die 2024-sitrusseisoen.

Die CGA het met Transnet vergader en het 'n fokus op die verbetering van haweprestasie waargeneem. 'n Groep produsente het 'n Port Indaba versoek – en die CGA het gehoor gegee aan hierdie versoek. Dit sal produsentelede van die CGA die geleentheid gee om te hoor wat gedoen word om vir die 2024-seisoen gereed te maak. Dit sal ook 'n geleentheid wees vir produsentelede om die CGA by te staan om te verseker dat aandag aan alle aspekte van hawe-logistiek gegee is. 'n Uitnodiging is aan alle produsente gestuur en meer inligting sal gestuur word sodra reëlings gefinaliseer is. Die Port Indaba word op Vrydag 8 Maart vanaf 10h00 tot 13h00 by die WNNR Internasionale Konferensiesentrum in Pretoria gehou. Daar sal tee/koffie wees met aankoms, en 'n middagete ná die Indaba. Vir spysenieringsdoeleindes RSVP asseblief na tanya@cga.co.za

BYWONING VAN ROADSHOWS EN PORT INDABA BELANGRIK OM LOGISTIEK EN VERSKEPINGS-VOORUITSIGTE VIR 2024 TE VERSTAAN

Op Dinsdag 13 Februarie het Mitchell Brooke die Hawe van Kaapstad Belanghebbende Dialoogsessie bygewoon wat in Kaapstad gehou is. 'n Toespraak is deur beide nuutaangestelde Transnet-voorsitter, Andile Sangqu, en waarnemende uitvoerende hoof, Michelle Phillips, gelewer. Ons het die duidelike status van Transnet-bedrywighede en die vooruitsigte oor die Transnet-herstelplan in die hawens en spoorruimte gekry. Die CGA sal hierdie uiters belangrike boodskap aan produsente tydens die komende roadshows en Port Indaba kommunikeer. Ons versoek u om asseblief by te woon. Die twee CGA-spanne is reg om te begin - die roadshows begin reeds volgende week! My span sal produsente in Senwes (Maandag), Nelspruit/Eswatini (Dinsdag) en Onderberg (Woensdag) sien, terwyl Paul se span produsente in Ohrigstad/Burgersfort (Maandag), Hoedspruit (Dinsdag), Letsitele (Woensdag) en Limpoporivier/Zimbabwe (Donderdag) sal sien.

RSVP asseblief na tanya@cga.co.za aangesien alle vergaderings gevolg word deur 'n braai, en ons benodig getalle vir spysenieringsdoeleindes.

MSC SE BYKOMENDE DIENS VANAF OOS-KAAP NA EUROPA VERWELKOM

Die Citrus Growers' Association of Southern Africa is baie bly om 'n bykomende direkte verskepingsdiens vanaf die hawens van Ngqura en Port Elizabeth, vir die uitvoer van sitrus te verwelkom. MSC, 'n wêreldwye houerverskepingsleier, het onlangs 'n bykomende diens aangekondig wat elke Dinsdag vanaf einde Mei tot begin September, gedurende die hoogtepunt van die sitrusseisoen, sal loop. MSC voorsien die sitrusbedryf al vir baie jare van verskepingsdienste en hierdie uitgebreide aanbod is 'n welkome ontwikkeling.

Hierdie bykomende diens is goeie nuus vir Oos-Kaapse sitrusprodusente. Ons lede in Patensie, die Sondagsriviervallei en Katrivier wat hul hoëgehalte-sitrus na Europa uitvoer, sal van hierdie opsie gebruik kan maak, wat sal help om werksgeleenthede en broodnodige buitelandse inkomste vir die land te beskerm.